basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/ NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## 2019

**PUNTE: 180**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 16 bladsye, 'n HTML-merkersblad, 'n toevoermasker-karakterblad en 'n aparte inligtingsblad.**

*Kopiereg voorbehou*

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. As gevolg van die aard van hierdie praktiese eksamen is dit belangrik om daarop te let dat, selfs as jy die eksamen vroeg klaarmaak, jy NIE toegelaat sal word om die eksamenlokaal te verlaat voordat al die administratiewe funksies wat met die eksamen geassosieer word, gefinaliseer is NIE. Gedurende die eksamen sal die normale reëls oor die verlating van die eksamenlokaal geld.

2. As jy op die netwerk werk, of die datalêers vooraf gelaai is, moet jy die instruksies volg wat deur die toesighouer/onderwyser gegee word. Anders sal die toesighouer 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') met al die lêers wat vir die eksamen benodig word, aan jou gee. Indien 'n CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') aan jou uitgereik is, moet jy jou sentrumnommer en eksamennommer op die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') skryf.

3. Aan die einde van die eksamen moet jy die CD/DVD/geheueskyf ('flash drive') inlewer wat deur die toesighouer aan jou gegee is, met AL jou antwoordlêers daarop gestoor, OF jy moet seker maak dat AL jou antwoordlêers op die netwerk/rekenaar gestoor is, soos wat deur die toesighouer/onderwyser aan jou verduidelik is.

4. Maak absoluut seker dat al die lêers gelees kan word. MOENIE onnodige lêers/lêergidse stoor NIE **en MOENIE duplikaat-antwoordlêers/-lêergidse inlewer NIE. MOENIE enige oorspronklike lêers waarop jy nie gewerk het nie, verwyder NIE.**

5. Die inligtingsblad wat saam met die vraestel verskaf word, **MOET NA AFLOOP VAN DIE DRIE-UUR-EKSAMENSESSIE INGEVUL WORD**. Lewer dit aan die einde van die eksamen by die toesighouer in.

6. 'n Kopie van die meesterlêers ('master files') sal by die toesighouer beskikbaar wees. Indien daar enige probleme met 'n lêer is, mag jy die toesighouer vir 'n ander kopie vra.

7. Hierdie vraestel bestaan uit SEWE vrae. Beantwoord AL die vrae.

8. Lees deur elke vraag voordat jy dit beantwoord of die probleem oplos. MOENIE meer doen as wat die vraag vereis NIE.

9. Maak seker dat jy elke dokument stoor deur die lêernaam wat in die vraestel gegee word, te gebruik. Stoor jou werk gereeld as 'n voorsorgmaatreël teen moontlike kragonderbrekings.

10. Jy mag GEEN hulpbronmateriaal gebruik NIE.

11. Akkuraatheid sal in berekening gebring word, bv. indien 'n vraag vereis dat die antwoord in sel F3 in 'n sigblad moet wees, en jy voer die antwoord in sel G4 in, sal dit NIE nagesien word NIE.

12. Maak seker dat die streeksinstellings ('regional settings') op 'South Africa' ingestel is en dat datum- en tydinstellings, nommerinstellings en geldeenheidsinstellings ('currency settings') korrek ingestel is.

13. Vir alle woordverwerkingsvrae moet jy die taal op 'English (South Africa)' stel. Neem aan dat die papiergrootte A4 Portret ('Portrait') is, tensy anders aangedui. Gebruik sentimeters as meeteenheid.

14. Formules en/of funksies moet vir ALLE berekeninge in sigbladvrae gebruik word. Gebruik absolute selverwysings slegs waar nodig, om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in 'n sigblad kopieer.

    **LET WEL:** Alle formules en/of funksies moet só ingevoeg word dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs as veranderinge aan die bestaande data gemaak word.

15. Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.

16. Die eksamenlêergids/CD/DVD/geheueskyf ('flash drive’) wat jy saam met hierdie vraestel ontvang, bevat die lêers wat hieronder aangedui word. Maak seker dat jy al die lêers het voordat jy met hierdie eksamen begin.

| | |
|---|---|
| • 1Street | Woordverwerkingslêer |
| • 2Donations | Woordverwerkingslêer |
| • 2Donors | Sigblad |
| • 3Comp | Sigblad |
| • 4Entries | Sigblad |
| • 5Gallery | Databasis |
| • 5Street | Prent |
| • 6_1 | Prent |
| • 6_2 | Prent |
| • 6_3 | Prent |
| • 6_4 | Prent |
| • 6_5 | Prent |
| • 6_Art | Prent |
| • 6Famous | HTML-lêer |
| • 7Art | Sigblad |
| • 7Europe | HTML-lêer |
| • 7Globe | Woordverwerkingslêer |
| • 7Logo | Woordverwerkingslêer |

**SCENARIO**

Die kunskomitee in jou woonbuurt wil kuns gebruik om die strate te versier. Jy is gevra om hulle inligting oor straatkuns te gee.

**VRAAG 1: WOORDVERWERKING**

Maak die **1Street**-woordverwerkingsdokument, wat inligting oor straatkuns bevat, oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

1.1 Verander die voorblad ('cover page') soos volg:

1.1.1 Voeg die teks 'Street' by die 'Title'-inhoudkontrole ('content control') in. (1)

1.1.2 Verander die fontgrootte van die 'A' na 200 pt. (1)

1.1.3 Vertoon SLEGS die binnerame van die tabel in 'n rooi kleur. (2)

1.1.4 Stel die prent in die onderste sel links in die tabel inlyn sodat dit in die middel van die sel vertoon. (1)

1.2 Die inskrywing 'http://www.widewalls.ch/defining-street-art/' moet NIE in die inhoudsopgawe ('table of contents') op die tweede bladsy vertoon NIE.

Maak die nodige veranderinge sodat die inskrywing NIE in die inhoudsopgawe sal vertoon NIE.


Dateer die inhoudsopgawe op. (2)

1.3 Verander die onderste bladsykantruimte na 2 cm vanaf die onderkant, vanaf bladsy 3 en verder. (2)

1.4 Vind die paragraaf wat met 'What exactly is …' begin en met '… go from here?' op die derde bladsy eindig.

1.4.1 Verander die paragraaf se lynspasiëring na ten minste 20 pt ('20 pt at least'). (2)

1.4.2 Verander die inkeping ('indentation') om soos volg te vertoon:




(2)

1.5 Daar word na die dekades verwys as 1970's, 1980's, ens. Gebruik 'n woordverwerkingseienskap om die afkappingsteken tussen die dekades en die 's' te verwyder, bv. 1970s.

**WENK:** Gebruik 0 en nie die volle jaartal nie. (3)

1.6 Verhelder ('highlight') die teks waarna die boekmerk 'Graffiti' verwys met enige kleur van jou keuse. (1)

1.7 Vind die prent ná die opskrif 'Repetition and Evolution'.

Voeg 'n outomatiese byskrif ('caption') met die teks 'Art 1: Vhils process' in EN vertoon die byskrif bokant die prent. (3)

1.8 Verander die genommerde lys na die opskrif 'Defining Street Art Does (not) Have a Conclusion' na 'n kolpuntlys ('bulleted list').

Gebruik die simbool '✣' (Wingdings 2, karakterkode 147) vir die kolpunt. (2)

1.9 Voeg 'n outomatiese figuurtabel in ná die teks 'Table of Figures' op die laaste bladsy om slegs die 'Figure'-prente te vertoon. (2)

1.10 Verwyder die bron ('source'), 'Banksy, J.R.; Just Google it', uit die bronne ('sources'). (1)

1.11 Voeg 'n outomatiese bibliografie op die laaste bladsy in. (1)

1.12 Voeg bladsynommers soos volg in die bladsyonderskrif in:

- Gebruik enige 'Mosaic'-bladsynommeringstyl.
- Stel die ongelyke bladsynommers links van die bladsyonderskrif ('footer') in lyn.
- Stel die gelyke bladsynommers regs van die bladsyonderskrif ('footer') in lyn. (4)

Stoor en maak die **1Street**-dokument toe. **[30]**

## VRAAG 2: WOORDVERWERKING

Maak die **2Donations**-woordverwerkingsdokument, wat inligting bevat oor skenkings vir kuns wat deur Banksy geskep is, oop en voeg jou eksamennommer in die bladsyboskrif ('header') of bladsyonderskif ('footer') in.

2.1 Korrigeer die spelfout in die dokument. (1)

2.2 Verander die vormkontrole langs die teks 'Date' op die eerste bladsy om die huidige datum ('current date') in die formaat dd MMMM yyyy te vertoon. (2)

2.3 Vind die teks wat met '1. Set an example' begin en met '… others who need it.' eindig.

- Formateer hierdie teks om in vier kolomme te verskyn.
- Maak seker dat 'n genommerde opskrif boaan elke kolom verskyn. (2)

2.4 Voeg soos volg 'n eindnoot ('endnote') langs die teks 'Utopia' in:

- Gebruik Romeinse syfers in hoofletters vir die nommerformaat.
- Voeg die teks 'Perfect world' as die eindnoot by.
- Voeg die eindnoot aan die einde van die seksie by. (4)

2.5 Vind die tabel onder die teks 'Choose an …' en doen die volgende:

2.5.1 Pas enige tabelstyl, buiten die 'Table Grid'-styl, op die tabel toe. (1)

2.5.2 Vervang die ☐-simbool in die tweede ry van die tweede kolom met 'n geskikte vormveld. (2)

2.5.3 Voeg helpteks by die teksblokkievormveld in die tweede ry van die derde kolom van die tabel by sodat, as F1 gedruk word, die teks 'Enter amount' vertoon. (2)

2.5.4 Vervang die teks 'Insert calculation' in die laaste ry van die tabel met 'n formule wat die totale bedrag van die donasies bereken. (2)

Stoor die **2Donations**-dokument, maar MOENIE dit toemaak NIE.

2.6 Hierdie dokument sal na spesifieke ontvangers gestuur word. Gebruik die **2Donors**-sigblad as die databron vir 'n possamevoeging ('mail merge').

- Selekteer slegs die skenkers wat R50 000 of meer geskenk het.
- Verwyder Roland Lewis vanaf die ontvangerlys ('recipient list') in die possamevoeging.
- Vervang die teks <<*Name*>> <<*Surname*>> aan die einde van die dokument met die saamvoegvelde ('merge fields') *Name en Surname*.
- Stoor die dokument voordat die possamevoeging voltooi word.
- Voltooi die possamevoeging en stoor die nuwe saamgevoegde dokument as **2Merged**. (4)

Stoor en maak die **2Donations**-dokument toe. **[20]**

## VRAAG 3: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg alle formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Jy is gevra om met die administrasie van die Street Art-kompetisie te help.

Maak die **3Comp**-sigblad oop.

Werk in die **Entries_Inskrywings**-werkblad.

3.1 Voeg **selle A1:M1** saam en sentreer die data vertikaal. (2)

3.2 Vul die **selle A1:M1** met enige blou patroon van jou keuse. (2)

3.3 Gaan voort met die nommeringpatroon in **selle A3:A6** gegee om 'n nommer aan ELKE deelnemer toe te ken. (1)

3.4 Voeg 'n formule in **sel D3** in om slegs die deelnemers se voorletters vanaf **kolom B** te vertoon.

**LET WEL:** Sommige deelnemers het meer as een voorletter. (5)

3.5 Voeg 'n formule in **sel F4** in om soos volg 'n unieke kode aan elke deelnemer toe te ken:

- Die waarde in **sel A4**, gevolg deur
- Die provinsie in **sel E4**, gevolg deur
- 'n Ewekansig ('random') gegenereerde tweesyfer-nommer (5)

3.6 Gebruik 'n funksie in **sel G5** om die volle naam van die provinsie vir die kode in **sel E5** te bepaal.

Gebruik die data in die **Province_Provinsie**-werkblad en maak seker dat die formule korrek sal werk wanneer dit na die res van die selle gekopieer word. (5)

3.7 Voeg 'n funksie in **sel M3** in om die gemiddelde punt van die drie rondes in **selle J3:L3** te bepaal.

Formateer die antwoord om geen desimale plekke te vertoon nie. (3)

3.8 Die wenner van die kompetisie sal 31 dae ná die sluitingsdatum aangekondig word, bv. as die sluitingsdatum 30/07/2019 is, sal die aankondiging op 30/08/2019 gedoen word.

Bepaal die datum in **sel P2** waarop die wenner aangekondig sal word deur die datum in **sel P1** en toepaslike DATE-funksies te gebruik. (4)

Werk in die **Subtotal**-werkblad.

3.9 Gebruik die SUBTOTAL-eienskap om die maksimum totale punt vir elke kategorie te vertoon. (3)

Stoor en maak die **3Comp**-sigblad toe. **[30]**

## VRAAG 4: SIGBLAD

**LET WEL:**

- Gebruik formules en/of funksies vir ALLE berekeninge in die sigblad.
- Gebruik absolute selverwysings SLEGS waar nodig om seker te maak dat formules korrek is wanneer jy dit na ander selle in dieselfde kolom kopieer (afkopieer/'copy down').
- Voeg alle formules en/of funksies op só 'n manier in dat die korrekte resultate steeds verkry sal word, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.
- Gebruik die toegekende spasie in die sigblad indien jy boublokke wil gebruik.

Die organiseerder van die kompetisie wil graag 'n opsomming van die inligting van die kompetisie per provinsie hê.

Maak die **4Entries**-sigblad oop.

4.1 Verander die tabeloortjiekleur van die **Chart_Grafiek**-werkblad na geel. (1)

4.2 Ruil die volgorde van die twee werkblaaie om sodat die **Provinces_Provinsies**-werkblad eerste verskyn. (1)

Werk in die **Provinces_Provinsies**-werkblad.

4.3 Voeg 'n funksie in **sel M7** in om die getal inskrywings uit Limpopo (LP) (**kolom C**) te bepaal. (3)

4.4 Sorteer slegs die data in **selle L3:M11** in dalende orde volgens die provinsie. (2)


4.5 Gebruik 'n sigbladeienskap om enige skakering ('shading') toe te pas op al die selle wat data bevat wat meer as een keer in **kolom E** verskyn. (2)

4.6 Gebruik 'n formule in **kolom J** om die van ('surname') van die algehele wenner wat die hoogste totale punte (**kolom I**) bereik het, te vertoon.

Kopieer die formule af na die ander selle in **kolom J**. (7)

Werk in die **Chart_Grafiek**-werkblad.

4.7 Verander die grafiek om soos die een hieronder te vertoon.




**LET WEL:**

- Verander die grafiek na 'n staafgrafiek.
- Verwyder die data van die provinsie met die kleinste getal inskrywings uit die grafiek. MOENIE die data uit die sigblad verwyder NIE.
- Pas enige gloei-effek ('glow effect') op die datareeks toe.
- Verander die gapingswydte ('gap width') na 50%.
- Verander die kleur van die hoof vertikale gidslyne ('major gridlines') na rooi. (5)

Stoor en maak die **4Entries**-dokument toe. **[21]**

**VRAAG 5: DATABASIS**

Maak die **5Gallery**-databasis, wat besonderhede van galerye en uitstallings bevat, oop.

5.1 Maak die **tblExhibit**-tabel in Ontwerpaansig ('Design View') oop en doen die volgende:

5.1.1 Verander die *City*-veldgrootte ('field size') na 50. (1)

5.1.2 Verander die formaat ('format') van die *GalleryName*-veld om altyd die data in hoofletters te vertoon. (1)

5.1.3 Die *PostCode*-veld moet altyd vier syfers bevat, bv. 0001, 0235, 1245.

Verander die *PostCode*-veld-eienskappe ('field properties') sodat dit altyd SLEGS vier syfers sal aanvaar en vertoon. (3)

5.1.4 Die voorraad in die galery moet vir 25% <u>meer</u> as die totale waarde van die voorraad (*TotalValue*) verseker word.

Voeg 'n nuwe veld met die naam *'Insure'* met 'n berekende datatipe ('calculated data type') in om die versekerde waarde van die voorraad te bepaal.

**LET WEL:** Ignoreer die formaat van die nuwe veld. (5)

Stoor en maak die **tblExhibit**-tabel toe.

5.2 Skep 'n vorm ('form') met die naam **frm5_2**, soos volg:

- Baseer die vorm op die **qry5_2**-navraag.
- Sluit al die velde van die navraag in.
- Verander die opskrif in die vormboskrif ('form header') na 'Street Art'.
- Voeg die **5Street**-prent, gevind in jou eksamenlêergids, as die agtergrond van die vorm in.
- Sorteer die data in die vorm alfabeties volgens die *GalleryName*-veld.

Stoor en maak die **frm5_2**-vorm toe. (8)

5.3 Maak die **qry5_3**-navraag ('query') in Ontwerpaansig ('Design View') oop.

Verander die navraag sodat die totale voorraadwaarde van al die galerye in elke provinsie soos volg vertoon word:

| Province | SumOfStockValue |
|---|---|
| EC | R763 229.28 |
| GP | R4 453 601.24 |
| KZN | R189 898.68 |
| WC | R4 056 752.64 |

**LET WEL:** MOENIE enige rekords insluit, waar die provinsie nie aangedui is NIE.

Stoor en maak die **qry5_3**-navraag toe. (3)

5.4 Maak die **qry5_4**-navraag in Ontwerpaansig ('Design View') oop en verander die navraag om die volgende inligting te vertoon:

- Vertoon slegs die *GalleryName*- en *NoInStock*-velde.
- Vertoon slegs 'street art' waar die galery-naam die woord 'gallery' bevat EN waar die provinsie onbekend is.

Stoor en maak die **qry5_4**-navraag toe. (7)

5.5 Maak die **qry5_5**-navraag in Ontwerpaansig ('Design View') oop.

Galerye wat 150 of meer items in voorraad het, beplan om vir 30 dae 'n uitstalling te hou.

- Voeg 'n berekende veld met die naam *End* by om die datum te bepaal wanneer die uitstalling behoort te eindig.
- Vertoon slegs galerye in Johannesburg waar daar meer as 150 items in voorraad is.
- Vertoon slegs die galerye waar die datum waarop die uitstalling begin, in 2019 is.

Stoor en maak die **qry5_5**-navraag toe. (8)

5.6 Maak die **rpt5_6**-verslag ('report') in Ontwerpaansig ('Design View') oop en doen die volgende:

- Verwyder die *Province*-groepering en enige ander verwysing na die *Province*-data of -etiket.
- Voeg 'n funksie in die teksblokkie ('textbox') in die verslag-onderskrif ('report footer') in om die gemiddelde waarde van al die voorraad in die galerye te vertoon.

Stoor en maak die **rpt5_6**-verslag toe. (4)

Stoor en maak die **5Gallery**-databasis toe. **[40]**

## VRAAG 6: WEBONTWERP (HTML)


'n Webblad is geskep om die top vyf straatkuns-kunswerke te vertoon.

Maak die onvolledige **6Famous**-webblad in 'n webblaaier en ook in 'n teks-/HTML-redigeerder oop. **Jy mag NIE 'n woordverwerkingsprogram soos Word gebruik om die HTML-vraag te beantwoord NIE.**

**LET WEL:**

- Vraagnommers word as kommentaar ('comments') by die kodering ingevoeg om aan te dui ongeveer waar die antwoord(e) ingevoeg moet word. MOENIE hierdie kommentaar uitvee NIE.
- 'n HTML-merkersblad is as verwysing aangeheg.

Jou finale webblad behoort soos die voorbeeld hieronder te lyk.



**LET WEL:** Gebruik die voorbeeld op die vorige bladsy om jou met hierdie vrae te help.

EEN punt sal vir die korrekte gebruik van sluitingsmerkers, driehoekige hakies en nesvorming ('nesting') toegeken word. (1)

6.1 Vertoon die teks 'Famous Street Art' as die titel in die tabeloortjie van die webblaaier. (1)

6.2 Stel die selafwerking ('cell padding') van die hele tabel na 8. (2)

6.3 Stel ('Align') die prent **6_Art** na regs op die bladsy in lyn. (1)

6.4 Vertoon die opskrif 'Street Art' in Calibri-font. (1)

6.5 Verander die wydte van die **6_5.jpg** prent na 195 en die hoogte na 145. (2)

6.6 Korrigeer die HTML-kodering onder die kommentaar <!--6.6--> sodat die tabel 'n ry insluit wat die prent **6_3.jpg** en die teks '3. Glasses in Russia …' tot '… glasses to life.' bevat, soos aangedui in die voorbeeld op die vorige bladsy. (7)

6.7 Pas kolpunte ('bullets') op die data in die sewende ry van die tabel toe. (2)

6.8 Voeg 'n hiperskakel ('hyperlink') in op die teks 'Read More' om met die webtuiste Google.com te skakel. (3)

Stoor en maak die **6Famous**-webblad toe. **[20]**

**VRAAG 7: ALGEMEEN**

Sommige dokumente in verband met straatkuns moet voltooi word.

7.1 Maak die **7Logo**-dokument oop.

Gebruik die prente wat in die dokument verskaf is om 'n logo te skep wat soos die een hieronder lyk.




Stoor en maak die **7Logo**-dokument toe. (7)

7.2 Maak die **7Globe**-woordverwerkingsdokument oop.

7.2.1 Voeg 'n tekswatermerk met die teks 'Graffiti' in. (2)

7.2.2 Sorteer die paragrawe onder die opskrif 'North America' vanaf die teks 'New York City …' tot by die teks '… colourful imagery' in dalende volgorde. (2)

7.2.3 Voeg die teks van die **7Europe.html**-lêer, gevind in jou eksamenlêergids aan die einde van die dokument, in.

**LET WEL:** Die teks moet aan die oorspronklike dokument gekoppel ('linked') wees. (2)

Stoor en maak die **7Globe**-dokument toe.

7.3 Die **7Art**-sigblad bevat inligting oor kunsuitstallings.

7.3.1 'n Kunsgalery sal slegs vir 'n prys oorweeg word as hulle uitstallings voor of op die huidige datum ('current date') plaasvind EN as daar meer as 100 uitstallers is.

Voeg 'n funksie in **sel G3** in om te bepaal of 'n kunsgalery vir die prys kwalifiseer, of nie. Vertoon "TRUE" as 'n galery kwalifiseer.

**LET WEL:** Gebruik die datum wat in **sel I2** verskaf is. (5)

7.3.2 Die provinsie met die hoogste getal uitstallers sal 'n prys ontvang.

Bepaal watter provinsie die prys sal kry. Tik jou antwoord in **sel A1**.

**LET WEL:**

- Jy mag enige metode/toepassing gebruik om die finale antwoord te verkry.
- Maak seker dat jou finale antwoord in die **7Art**-dokument vertoon. (1)

Stoor en maak die **7Art**-dokument toe. **[19]**

**TOTAAL: 180**

Kopiereg voorbehou

## HTML-MERKERSBLAD ('HTML TAG SHEET')

| Basiese Merkers ('Basic Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <body></body> | Definieer die liggaam van die webblad |
| <body bgcolor="pink"> | Stel die agtergrondkleur van die webblad |
| <body text="black"> | Stel die kleur van die liggaamteks |
| <head></head> | Bevat inligting oor die webblad |
| <html></html> | Skep 'n HTML-dokument – begin en eindig 'n webblad |
| <title></title> | Definieer 'n titel vir die webblad |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk in |
| <!-- --> | Kommentaar |

| Teksmerkers ('Text Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <h1></h1> | Skep die grootste opskrif |
| <h6></h6> | Skep die kleinste opskrif |
| <b></b> | Skep teks in vetdruk |
| <i></i> | Skep teks in skuinsdruk |
| <font size="3"></font> | Stel fontgrootte van "1" tot "7" |
| <font color="green"> </font> | Stel fontkleur |
| <font face="Times New Roman"></font> | Stel fonttipe |

| Skakelmerkers ('Links Tags') | |
|---|---|
| **Beskrywing** | **Beskrywing** |
| <a href="URL"></a> | Skep 'n hiperskakel |
| <a href="URL"><img src="name"></a> | Skep 'n prentskakel |
| <a name="NAME"></a> | Skep 'n teikenarea in die dokument |
| <a href="#NAME"></a> | Skakel na 'n teikenarea wat elders in die dokument geskep is |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <p></p> | Skep 'n nuwe paragraaf |
| <p align="left"> | Stel 'n paragraaf "left" inlyn (verstek), kan ook "right" of "center" wees |
| <br/> | Voeg 'n reëlbreuk ('line break') in |
| <ol></ol> | Skep 'n genommerde lys |
| <ol type="A","a", "I","i","1"></ol> | Definieer die tipe nommers wat gebruik word |
| <ul></ul> | Skep 'n kolpuntlys |
| <ul type="disc", "square","circle"> </ul> | Definieer die tipe kolpunte wat gebruik word |

| Formateringsmerkers ('Formatting Tags') vervolg | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <li></li> | Word voor elke lysitem ingevoeg, en voeg 'n nommer of simbool by afhangende van die tipe lys wat geselekteer is |
| <img src="name"> | Voeg 'n prent in |
| <img src="name" align="left"> | Stel 'n prent inlyn, kan "left"," right"; "bottom", "top", "middle" wees |
| <p align= "center"><img src="name"></p> | Stel 'n prent "center" inlyn |
| <img src="name" border="1"> | Stel die grootte van die raam rondom 'n prent |
| <img src="name" width="200" height ="200"> | Stel die hoogte en breedte van 'n prent |
| <img src="name" alt="alternative text"> | Vertoon alternatiewe teks wanneer die muis oor 'n prent gehou word of wanneer die prent nie gevind kan word nie |
| <hr/> | Voeg 'n horisontale lyn in |
| <hr size="3"/> | Stel die grootte (hoogte) van 'n reël |
| <hr width= "80%"/> | Stel die breedte van 'n lyn, in persentasie of absolute waarde |
| <hr color= "ff0000"/> | Stel die kleur van die lyn |

| Tabelmerkers ('Tabel Tags') | |
|---|---|
| **Merker ('Tag')** | **Beskrywing** |
| <table></table> | Skep 'n tabel |
| <tr></tr> | Skep 'n ry in 'n tabel |
| <td></td> | Skep 'n sel in 'n tabel |
| <th></th> | Skep 'n tabelopskrif ('n sel met vetgedrukte, gesentreerde teks) |
| <table width="50"> | Stel die breedte van die tabel |
| <table border="1"> | Stel die breedte van die raam rondom die selle van die tabel |
| <table cellspacing="1"> | Stel die spasie tussen die selle van die tabel |
| <table cellpadding="1"> | Stel die spasie tussen 'n selraam en die inhoud daarvan |
| <tr align="left"> | Stel die inlynstelling vir die sel(le) ("left", kan ook "center" of "right" wees) |
| <tr valign="top"> | Stel die vertikale inlynstelling vir sel(le) ("top", kan ook "middle" of "bottom" wees) |
| <td colspan="2"> | Stel 'n getal kolomme waaroor 'n sel moet strek |
| <td rowspan="4"> | Stel die getal rye waaroor 'n sel moet strek |

*Kopiereg voorbehou*

## TOEVOERMASKER('INPUT MASK')-KARAKTERBLAD

| KARAKTER | BESKRYWING |
|---|---|
| 0 | Syfer (0 tot 9, inskrywing vereis, plus[+]- en minus[–]-tekens nie toegelaat nie) |
| 9 | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie, plus[+]- en minus[–]-tekens nie toegelaat nie) |
| # | Syfer of spasie (inskrywing nie vereis nie; spasies word as oop plekke vertoon terwyl in Redigeringsmodus ('Edit mode'), maar oop plekke word verwyder wanneer data gestoor word, plus[+]- en minus[–]-tekens toegelaat) |
| L | Letter (A tot Z, inskrywing vereis) |
| ? | Letter (A tot Z, inskrywing opsioneel) |
| A | Letter of syfer (inskrywing vereis) |
| a | Letter of syfer (inskrywing opsioneel) |
| & | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing vereis) |
| C | Enige karakter of 'n spasie (inskrywing opsioneel) |
| . , : ; - / | Desimale plekhouer en duisende-, datum- en tydskeiers (Die werklike karakter hang van die instellings in die '**Regional Settings Properties**'-dialoogblokkie in die 'Windows Control Panel' af.) |
| < | Veroorsaak dat alle karakters na onderkas ('lowercase') omgeskakel word |
| > | Veroorsaak dat alle karakters na bo-kas ('uppercase') omgeskakel word |
| ! | Veroorsaak dat invoermasker van regs na links, in plaas van links na regs vertoon word. Karakters in die invoermasker getik, vul altyd van links na regs. Jy kan die uitroepteken op enige plek in die invoermasker invoeg. |
| \ | Veroorsaak dat die karakter wat volg, as die letterlike karakter vertoon word (bv. \A word slegs as A vertoon). |

*Kopiereg voorbehou*

| Eksamenplakker |
|---|

| |
|---|
| **180** |

**REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1 – 2019**

**INLIGTINGSBLAD** (*moet NA die 3 uur-sessie deur die kandidaat ingevul word*)

SENTRUMNOMMER________________________________

EKSAMENNOMMER________________________________

WERKSTASIENOMMER________________________________

| SUITE GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Microsoft Office 2010 | Microsoft Office 2013 | Microsoft Office 2016 | Office 365 |
|---|---|---|---|---|
| WEBBLAAIER GEBRUIK (Maak 'n kruisie in die toepaslike blokkie (**X**)) | Mozilla Firefox | Google Chrome | Internet Explorer | Ander (Spesifiseer) |

LÊERGIDSNAAM ________________________________

*Lêername is vir elke antwoord ingevul. Maak 'n regmerkie indien dit gestoor en/of gepoog is.*

| **Vraag-nommer** | **Lêernaam** | **Gestoor (✓)** | **Gepoog (✓)** | **Maksimum punt** | **Nasiener** | **SN** | **HN** | **IM/EM** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1 | *1Street* | | | **30** | | | | |
| 2 | *2Donations* | | | **20** | | | | |
| | *2Merged* | | | | | | | |
| 3 | *3Comp* | | | **30** | | | | |
| 4 | *4Entries* | | | **21** | | | | |
| 5 | *5Gallery* | | | **40** | | | | |
| 6 | *6Famous* | | | **20** | | | | |
| 7 | *7Logo* | | | **19** | | | | |
| | *7Globe* | | | | | | | |
| | *7Art* | | | | | | | |
| **TOTAAL** | | | | **180** | | | | |

Kommentaar (*slegs vir kantoor/nasiener se gebruik*)

________________________________

________________________________

basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN/
# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN

## REKENAARTOEPASSINGSTEGNOLOGIE V1

## 2019

## NASIENRIGLYNE

**PUNTE: 180**

| SENTRUM-NOMMER | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|

| FINALE PUNT | |
|---|---|

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| VRAAG | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | TOTAAL |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| MOONTLIKE PUNT | 30 | 20 | 30 | 21 | 40 | 20 | 19 | 180 |
| NASIENER | | | | | | | | |
| SN | | | | | | | | |
| HN | | | | | | | | |
| IM/EM | | | | | | | | |

**Hierdie nasienriglyne bestaan uit 13 bladsye.**

DBE Stempel

*Kopiereg voorbehou*

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**IGNOREER SPELLING IN ALLE GEVALLE WAAR DIT GEEN IMPAK OP DIE ANTWOORD SAL HÊ NIE.**

**VRAAG 1** **Lêernaam: 1Street** **Totaal V1: 30**

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.1.1 | **Title inhoudkontrole**<br>• Teks 'Street' by 'Title' inhoudkontrole ingevoeg ✓ | 1 | | 1 | |
| 1.1.2 | **Fontgrootte**<br>• Fontgrootte van die 'A' verander na 200 pt ✓ | 1 | | 1 | |
| 1.1.3 | **Tabelrame**<br>• Slegs binnerame ✓<br>• In 'n rooi kleur ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.1.4 | **Prent (3$^{e}$ ry, 1$^{e}$ sel)**<br>• Vertikaal gesentreer ✓ | 1 | | 1 | |
| 1.2 | **Inhoudsopgawe**<br>• Styl van 'http://www.widewalls.ch/defining-street-art/' verander na enige styl buiten 'Heading 1' ✓<br>• Inhoudsopgawe opgedateer ✓ (*sien 'The Origins of Street Art'*) | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.3 | **Kantruimtes**<br>• Onderste kantruimte verander na 2 cm ✓<br>• Van bladsy 3 en verder ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.4.1 | **Lynspasiëring**<br>• Ten minste ('At least') ✓<br>• 20 pt ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.4.2 | **Inkeping**<br>• Linksinkeep gestel op 1 cm ✓<br>• Regsinkeep gestel op 14 cm ✓ *(Inkeep-instelling op 3 cm)* | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.5 | **'Find and replace'**<br>• 's vervang ✓<br>• met s ✓<br>• Slegs jare verander ✓ *(4 veranderinge)* | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| 1.6 | **Boekmerk**<br>• Teks 'It began with graffiti' verhelder ✓ | 1 | | 1 | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1.7 | **Byskrif**<br>• Nuwe byskrif-etiket 'Art' ingevoeg ✓ *(Aanvaar as meer teks vertoon)*<br>• Byskrif 'Vhils process' ingevoeg ✓ *(Moenie punt toeken indien 'Vhils process' as deel van etiket verskyn nie)*<br>• Vertoon bo die prent ✓ | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| 1.8 | **Kolpunte**<br>• Kolpunte ingevoeg ✓<br>• '' Wingdings 2, karakterkode 147 ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.9 | **Figuurtabel**<br>• Outomatiese figuurtabel ingevoeg ✓<br>• Vertoon 'Figure' prente ✓ *(Verwag 7 prente)* | 1<br>1 | | 2 | |
| 1.10 | **Verwysing**<br>• 'Banksy, J.R.; Just Google it' as bron verwyder ✓ | 1 | | 1 | |
| 1.11 | **Bibliografie**<br>• Outomatiese bibliografie ingevoeg ✓ | 1 | | 1 | |
| 1.12 | **Bladsynommering**<br>• Outomatiese bladsynommers in bladsyonderskrif ingevoeg ✓<br>• Enige Mosaic bladsynommer styl gebruik ✓<br>• 'Odd and even' gekies ✓<br>• 'Mosaic' bladsynommer styl toegepas op beide gelyke en ongelyke getal bladsye ✓ | 1<br>1<br>1<br>1 | | 4 | |
| | **Totaal vir VRAAG 1** | | | **[30]** | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 2** **Lêername: 2Donations, 2Merged** **Totaal V2: 20**

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| 2.1 | **Spelling**<br>• Spelfout reggemaak ✓ *(intressting)* | 1 | | 1 | |
| 2.2 | **Datum vormkontrole**<br>• Kontrole tipe verander na 'current date' ✓<br>• Formaat gestel op 'dd MMMM yyyy' ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 2.3 | **Kolomme**<br>• Teks na vier kolomme verander ✓<br>• Kolombreuk ingevoeg voor '4. Help others in need' ✓ *(Aanvaar met/sonder 'n oop lyn bo)* | 1<br>1 | | 2 | |
| 2.4 | **Eindnoot**<br>• Eindnoot langs 'Utopia' ingevoeg ✓<br>• Hoofletter Romeinse syfers gebruik ✓<br>• Eindnootteks 'Perfect world' ✓<br>• Ingevoeg aan einde van seksie ✓ | 1<br>1<br>1<br>1 | | 4 | |
| 2.5.1 | **Tabelstyl**<br>• Enige tabelstyl toegepas ✓ *(Buiten 'Table Grid')* | 1 | | 1 | |
| 2.5.2 | **Merkblok-vormveld ('Check box')**<br>• Enige vormveld ingevoeg ✓<br>• Merkblok-vormveld ingevoeg ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 2.5.3 | **Help teks vir teksboks-vormveld**<br>• Help teks ingevoeg 'Enter amount' ✓<br>• Op F1 sleutel ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 2.5.4 | **Formule =SUM(Above)**<br>• Veld ingevoeg ✓<br>• =SUM(Above) ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 2.6 | **Possamevoeging**<br>• Databron gefilter >=50 000 ✓ *('Amount' >= 50 000)*<br>• Roland Lewis verwyder ✓ *(Kontroleer vir 13 briewe in voltooide samevoeging)*<br>• Saamvoegvelde *Name* en/of *Surname* ingevoeg ✓<br>• Possamevoeging voltooi ✓ (**2Merged**) | 1<br>1<br>1<br>1 | | 4 | |
| | **Totaal vir VRAAG 2** | | | **[20]** | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 3** **Lêernaam: 3Comp** **Totaal V3: 30**

- *Sien die vrae vanaf die formules na en nie die waardes/antwoorde in die sel nie.*
- *Kontroleer teen die kandidaat se eintlike werk (Selverwysings mag verskil, afhangend van die kandidaat se respons.)*
- *Kandidaat mag verskeie formules of selle as 'boublokke' gebruik om by antwoorde uit te kom.*
- *Benoemde reekse kan in plaas van selverwysings gebruik word.*
- *Die antwoorde moet nog steeds korrek wees, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.*

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| **Entries_Inskrywing-werkblad** | | | | | |
| 3.1 | **Opskrif**<br>• Selle A1:M1 saamgevoeg ✓<br>• Data vertikaal gesentreer ✓ *(Ignoreer indien horisontaal gesentreer)* | 1<br>1 | | 2 | |
| 3.2 | **Vul: Selle A1:M1**<br>• Agtergrond van selle A1:M1 gevul met blou kleur ✓<br>• Patroon vul ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 3.3 | **'Autofill'**<br>• Nommering volg in res van kolom A ✓ *(Moenie punt toeken indien kolom gedeeltelik gevul is nie.)* | 1 | | 1 | |
| 3.4 | **Sel D3:**<br>**=RIGHT(B3,LEN(B3)-LEN(C3)-1)**<br>**OF**<br>**=MID(B3,FIND(" ",B3)+1,LEN(B3))**<br>**OF**<br>**=RIGHT(B3,LEN(B3)-FIND(" ",B3))**<br>**OF**<br>**=MID(B3,LEN(C3)+2,LEN(B3)-LEN(C3))**<br>• RIGHT/MID funksie ✓<br>• B3 ✓<br>• Bepaal lengte van teks in B3 ✓<br>• Bepaal die posisie van die spasie ✓<br>• Trek posisie van spasie van lengte af ✓<br>*(Nota aan nasiener: Ignoreer indien daar 'n 3<sup>e</sup> parameter in die FIND funksie is.)* | 1<br>1<br>1<br>1<br>1 | | 5 | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 3.5 | **Sel F4:**<br>**=CONCATENATE(A4,E4,RANDBETWEEN(10,99))**<br><br>**OF**<br>**=A4&E4&RANDBETWEEN(10,99)**<br><br>• CONCATENATE funksie **OF** & ✓<br>• A4 ✓<br>• E4 ✓<br>• RANDBETWEEN funksie ✓<br>• (10,99) ✓ | 1<br>1<br>1<br>1<br>1 | | 5 | |
| 3.6 | **Sel G5:**<br>**=VLOOKUP(E5,Province_Provinsie!$A$2:$B$10,2)**<br><br>• VLOOKUP funksie ✓<br>• Opsoek waarde: E5 ✓<br>• Opsoek reeks: Province_Provinsie!$A$2:$B$10 **OF** Province_Provinsie!$A$1:$B$10 ✓*(Kontroleer vir benoemde reekse)*<br>• Kolom indeks: 2 ✓<br>• Absolute selverwysing ✓ | 1<br>1<br>1<br>1<br>1 | | 5 | |
| 3.7 | **Sel M3:**<br>**=AVERAGE(J3:L3)**<br><br>• AVERAGE funksie ✓<br>• (J3:L3) ✓<br>• Geformateer na geen desimale plekke ✓ | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| 3.8 | **Sel P2:**<br>**=DATE(YEAR(P1),MONTH(P1)+1,DAY(P1))**<br><br>• YEAR(P1) ✓<br>• MONTH(P1) ✓ + 1 ✓ *(Ken tweede punt slegs toe indien 31 by DAY getel is)*<br>• DAY(P1) ✓ | 1<br>2<br>1 | | 4 | |
| **Subtotal-werkblad** | | | | | |
| 3.9 | **'Subtotal':**<br>• Verander in/Groepeer op: Category_Kategorie ✓<br>• Funksie: MAX ✓<br>• 'Subtotal' gevoeg by Total score_Totale punte ✓ | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| | **Totaal vir VRAAG 3** | | | **[30]** | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 4** **Lêernaam: 4Entries** **Totaal V4: 21**

- *Sien die vrae vanaf die formules na en nie die waardes/antwoorde in die sel nie.*
- *Kontroleer teen die kandidaat se eintlike werk (Selverwysings mag verskil, afhangend van die kandidaat se respons.)*
- *Kandidaat mag verskeie formules of selle as 'boublokke' gebruik om by antwoorde uit te kom.*
- *Benoemde reekse kan in plaas van selverwysings gebruik word.*
- *Die antwoorde moet nog steeds korrek wees, selfs al word veranderinge aan die bestaande data gemaak.*

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| **Provinces_Provinsies-werkblad** | | | | | |
| 4.1 | **Chart_Grafiek tabeloortjie:**<br>• Tabeloortjie kleur verander na geel ✓ | 1 | | 1 | |
| 4.2 | **Chart_Grafiek tabeloortjie:**<br>• Chart_Grafiek-werkblad geskuif ná Provinces_Provinsies ✓ | 1 | | 1 | |
| 4.3 | **Sel M7:**<br>**=COUNTIF(C3:C188,"LP")**<br>• COUNTIF funksie ✓<br>• Reeks C3:C188 ✓<br>• "LP" ✓ | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| 4.4 | **Sorteer: Selle L3:M11**<br>• Gesorteer op kolom L ✓<br>• Dalend ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 4.5 | **Voorwaardelike formatering: Kolom E**<br>• Alle duplikaat waardes ✓<br>• Enige agtergrondkleur ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 4.6 | **Sel J3:**<br>**=IF(I3=MAX($I$3:$I$188),A3," ")**<br>• IF funksie ✓<br>• Kriteria: I3 ✓<br>• =MAX ✓<br>• ($I$3:$I$188) **OF** (I3:I188) ✓ *[MAX($I$3:$I$188) kan 'n boublok wees]*<br>• Absolute selverwysing ✓<br>• Waarde indien waar: A3 ✓<br>• Afgekopieer ✓ | 1<br>1<br>1<br>1<br>1<br>1<br>1 | | 7 | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| **Chart_Grafiek-werkblad** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 4.7 | **Grafiek:** | | | 5 | |
| | • Grafiek verander na staafgrafiek ✓ | 1 | | | |
| | • NW-data vertoon nie ✓ *(Moenie aanvaar indien data vanaf sigblad verwyder is nie)* | 1 | | | |
| | • Enige 'glow' toegepas op datareeks ✓ *(Moenie skadu ('shadow') aanvaar nie)* | 1 | | | |
| | • Gaping ('Gap width') tussen reekse na 50% ✓ verander | 1 | | | |
| | • Kleur van vertikale hoofgidslyne na rooi verander ✓ | 1 | | | |
| | **Totaal vir VRAAG 4** | | | **[21]** | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 5** **Lêernaam: 5Gallery** **Totaal V5: 40**

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| **Tabel: tblExhibit** | | | | | |
| 5.1.1 | **Veld: *City***<br>• Veldgrootte gestel na 50 ✓ | 1 | | 1 | |
| 5.1.2 | **Veld: *GalleryName***<br>• Veldformaat na > verander ✓ | 1 | | 1 | |
| 5.1.3 | **Veld: *PostCode***<br>• Datatipe verander na Short Text/Text ✓<br>Toevoermasker: 0000<br>• 0 gebruik ✓<br>• Vier karakters ingevoeg ✓ *(0000)*<br><br>**OF**<br><br>• Valideringsreël ingevoeg (✓)<br>• LEN([PostCode]) (✓)<br>• =4 (✓) *(Moenie punt toeken indien datatipe nie Number is nie)* | 1<br><br>1<br>1 | | 3 | |
| 5.1.4 | **Veld: *Insure***<br>• Nuwe veld *Insure* ingevoeg ✓<br>• Veld tipe Calculated ✓<br>• [*TotalValue*] ✓ * ✓ 1.25 ✓<br>**OF (**[*TotalValue*]*25/100)+[*TotalValue*]<br>**OF (**[*TotalValue*]*0.25)+[*TotalValue*]<br>**OF (**[*TotalValue*]*125/100) | 1<br>1<br>3 | | 5 | |
| **Vorm: frm5_2** | | | | | |
| 5.2 | • Vorm genoem frm5_2 geskep ✓<br>• Vorm gebaseer op qry5_2 ✓<br>• Alle velde ingesluit ✓ *(5 velde)*<br>• Vormopskrif verander na 'Street Art' ✓<br>• 5Street ✓ prent ingevoeg as vorm agtergrond ✓<br>• Data dalend gesorteer ✓ volgens *GalleryName* ✓<br>*(Kontroleer Form Properties, Data, Order by*<br>***OF** kontroleer sortering in qry5_2 navraag)* | 1<br>1<br>1<br>1<br>2<br>2 | | 8 | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Navraag: qry5_3** | | | | | |
| 5.3 | • *Province*: Groepering toegepas ✓<br>• *Province* kriteria:<>"0" ✓ **OF** Not Is Null **OF** Is Not Null **OF** <>""<br>• *StockValue*: Total: Sum ✓<br><br>*(Nota aan nasiener: Verwag 4 rekords.)* | 1<br>1<br><br>1 | | 3 | |
| **Navraag: qry5_4** | | | | | |
| 5.4 | • Slegs *GalleryName*- en *NoInStock* velde vertoon ✓ *(Ken punt toe selfs as ander velde uitgewis is)*<br>• *GalleryName* kriteria: * ✓ gallery ✓ * ✓<br>• *TypeOfArt* kriteria: "Street Art" ✓<br>• *Province* kriteria: Is Null ✓ **OF** Not Like "*" **OF** Not Like '*'<br>• Alle kriteria AND ✓<br><br>*(Nota aan nasiener: Verwag 5 rekords.)* | 1<br><br>3<br>1<br>1<br><br>1 | | 7 | |
| 5.5 | **Berekende veld:**<br>**End: [*Date*]+30**<br><br>• Nuwe veld *End* geskep ✓<br>• [*Date*] ✓ + 30 ✓<br>• *NoInStock* kriteria: > ✓ 150 ✓<br>• *Town* kriteria: "Johannesburg" ✓<br>• *Date* kriteria: < #01/01/2020#<br>**OF** Year([Date])=2019<br>**OF** >=#01/01/2019# AND <=#31/12/2019#<br>**OF** >#31/12/2018# AND <#01/01/2020#<br>**OF** BETWEEN #01/01/2019# AND <=#31/12/2019#<br>**OF** Like 2019/*/*<br>○ Korrekte reeks ✓<br>○ Korrekte datums ✓<br><br>*(Nota aan nasiener: Verwag 6 rekords.)* | <br><br><br>1<br>2<br>2<br>1<br><br><br><br><br><br><br>1<br>1 | | 8 | |
| **Verslag: rpt5_6** | | | | | |
| 5.6 | • *Province*-veld groepering verwyder✓<br>• *Province* se teksboks en etiket verwyder ✓<br>• Funksie: =AVG ✓ ([*StockValue*]) ✓ | 1<br>1<br>2 | | 4 | |
| | **Totaal vir VRAAG 5** | | | **[40]** | |

DBE Stempel

| **EKSAMEN-NOMMER** | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 6** **Lêernaam: 6Famous** **Totaal V6: 20**

- *Die vraag moet vanaf die HTML-kode gemerk word.*
- *Numeriese-attribuutwaardes hoef nie in aanhalingstekens te wees nie.*

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.1 | **Titel**<br>*<**title**>Famous Street Art**</title>***<br><br>• Titel merkers ingevoeg ✓ *(Aanvaar as die <head> merkers steeds vertoon OF as <head> merkers vervang is)* | 1 | | 1 | |
| 6.2 | **Selafwerking (Cell padding)**<br>*<table border="1" **cellpadding="8"** bgcolor="PaleGoldenrod">*<br><br>• Selafwerking van hele tabel gestel ✓<br>• Na 8 ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 6.3 | **Inlynstelling van prent**<br>*<img src="6_Art.png" width="100" height="100" **align="right"**>*<br><br>• 6_Art prent reg inlyngestel ✓ | 1 | | 1 | |
| 6.4 | **Font**<br>***<font face="Calibri">**<h1>Street Art</h1>**</font>***<br><br>• Font van opskrif 'Street Art' gestel na Calibri ✓ | 1 | | 1 | |
| 6.5 | **Prentgrootte**<br>*<img src="6_5.jpg" **width="195" height="145"**>*<br><br>• Wydte gestel op 195 ✓<br>• Hoogste gestel op 145 ✓ | 1<br>1 | | 2 | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 6.6 | **Vierde ry van tabel:**<br>***<tr align="center">***<br>***<td>***<img src="6_3.jpg" width="200" height="200">***</td>***<br>***<td colspan="3"><font size="5"><i>***3. Glasses in Russia***</i></font>***<br>***<p align="left">***This photo went viral and appeared on plenty of media sites who marvelled at the 3D look that brought a simple pair of glasses to life.***</p></td>***<br>***</tr>***<br><br>• Een ry ingevoeg en gesentreer ✓<br>• Twee selle ingevoeg ✓<br>• 'Colspan' van tweede sel na 3 gestel ✓<br>• Teks in tweede sel na skuinsdruk verander ✓<br>• Fontgrootte van tweede sel na 5 gestel ✓<br>• Paragraaf ingevoeg ✓<br>• Links inlyngestel ✓ | 1<br>1<br>1<br>1<br>1<br>1<br>1 | | 7 | |
| 6.7 | **Kolpunte**<br>***<ul><li>***#Banksy***</li>***<br>***<li>***#List***</li>***<br>***<li>***#Most Famous Pieces</***li>***<br>***<li>***#Smates***</li>***<br>***<li>***#Streetart***</li></ul>***<br><br>• Ongeordende lys (kolpunte) ingevoeg ✓<br>• 5 lysitems ingevoeg ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 6.8 | **Hiperskakel**<br>***<a href="Google.com">***Read more***</a>***</td><br><br>• Hiperskakel merkers ingevoeg ✓<br>• Op korrekte teks 'Read more' ✓<br>• Skakel na "Google.com" ✓ | 1<br>1<br>1 | | 3 | |
| | **Sluitingsmerker(s) of driehoekige hakies en nesting korrek toegepas.** | 1 | | 1 | |
| | **Totaal vir VRAAG 6** | | | **[20]** | |

DBE Stempel

| EKSAMEN-NOMMER | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**VRAAG 7** **Lêername: 7Logo, 7Globe, 7Art** **Totaal V7: 19**

| Nr. | Kriteria | Maksimum Punt | | | Kandidaat Punt |
|---|---|---|---|---|---|
| **7Logo** | | | | | |
| 7.1 | **Prent manipulering**<br>• Omvou van prent verander na 'enable stacking' ✓<br>• Hart prentstyl/vorm verander na ronde vorm ✓<br>• 'I Want Change'-prent gesny/grootte verander ✓<br>• Teks 'STREET ART' ingevoeg ✓ *(Aanvaar ook kleinletters)*<br>• Tekskleur wit ✓<br>• Alle prente in korrekte volgorde geplaas ✓<br>• Logo vertoon korrek soos in voorbeeld ✓ | 1<br>1<br>1<br>1<br><br>1<br>1<br>1 | | 7 | |
| **7Globe** | | | | | |
| 7.2.1 | **Teks watermerk**<br>• Teks watermerk ingevoeg ✓<br>• Teks 'Graffiti' ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 7.2.2 | **Sorteer paragrawe**<br>• Paragrawe gesorteer ✓<br>• In dalende volgorde ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| 7.2.3 | **Teks ingevoeg**<br>• Teks van 7Europe.html lêer ingevoeg ✓<br>• Gekoppel aan oorspronklike dokument ✓ | 1<br>1 | | 2 | |
| **7Art** | | | | | |
| 7.3.1 | **Sel G3:**<br>**=IF(E3<=$I$2,IF(F3>100,TRUE,FALSE),FALSE)**<br><br>**OF**<br>**=AND(E3<=$I$2,F3>100)**<br><br>• Kontroleer of E3 ✓ kleiner is as of gelyk is aan datum in I2 ✓<br>• Kontroleer of F3 ✓ groter is as 100 ✓<br>• Vertoon TRUE as beide voorwaardes waar is ✓ | 1<br>1<br>2<br>1 | | 5 | |
| 7.3.2 | **Korrekte antwoord:**<br>• Western Cape ✓ | 1 | | 1 | |
| | **Totaal vir VRAAG 7** | | | **[19]** | |
| | **TOTAAL** | | | **180** | |

DBE Stempel

Kopiereg voorbehou